NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 5 FEBRUARIE 2004

1. OPENING

1.1 Die voorsitter, ds EGJ de G Schutte, lees uit Deuteronomium 34 vers 1 tot Josua 1 vers 10 voor.

1.1.1 Hy wys daarop dat Moses se verhaal hier stop. God wys aan hom die beloofde land. Dit waarvoor hy geleef het , eindig nou.

1.1.2 God se storie gaan egter aan.God se droom eindig nie,maar word op Josua oorgedra.'Soos Ek vir Moses gesê het, gee Ek aan julle elke plek waar julle kom:'. Letterlik staan daar in vers 3, 'elke plek waar julle voetsool sal trap'.

1.1.3 Hoe sou Josua voel? Was hy dalk opgewonde, weemoedig of dalk bang? Die Here sê vir hom in vers 9: 'Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade.'

1.1.4 Die kerk kom ook al 'n lang pad in die Oos-Kaap. Die kerk het 'n droom vir die Oos-Kaap wat tog ook dieselfde is as God se droom vir ons streek. Ons is ook opgewonde, weemoedig en selfs bang.Gaan ons dit regkry?

1.1.5 Wat sê God vir Josua? 'Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet daarvan nie links of regs afwyk nie.Dan sal jy voorspoedig wees, waar jy ook al gaan.' Hy moes dus vashou aan die voor-skrif-te. Josua moes ook vashou aan God en sy droom. Dieselfde is vandag ook vir ons waar. Hier in die Oos -Kaap moet ons kerk van die Skrif wees.Dan sal ons 'n verskil maak in ons omgewing en sal ons God se droom verwesenlik.

1.2 Drie lede van die vergadering gaan voor in gebed.

1.3 Die vergadering sing lied 527 verse 1 en 2.

1.4 Die voorsitter heet al die lede van die vergadering hartlik welkom by die eerste vergadering van die jaar.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJ de G Schutte -Voorsitter
Ds ACV van Wyk - Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton - Skriba (Verskoning)
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk (Verskoning)
Ds MF Steyn
Ds CH van Heerden - DL Finansies
Ds EH Ferreira, die sekundus van die skriba, verskyn ter vergadering.

2.2 Adviserend

Dr J Viljoen - Direkteur Administrasie

2.3 Op uitnodiging

Dr A Oliphant (Verskoning) Ds CP Crouse , die sekundus verskyn ter vergadering.
Dr JD Prinsloo - DL Gemeentebediening
Ds JH van Niekerk - DL Getuienis
Ds WP Petzer - DL Jeug
Dr JP Cloete - DL LAS (Verskoning)
Mev L Steyn - DL Vrouebediening
Prof PJ Naudé - Ad Hoc Projekbestuurder NN (Verskoning)
Ds BIC Steyn - Ad Hoc Projekbestuurder BNet

2.4 Ordereëlings

Die voorsitter reël dat teetyd om 10:30 en middagete om 13:00 sal wees.

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

Die sakelys word met die volgende nuwe sake/stukke aangevul:

7.1 Sinodale werkswinkel
8.1 Naamsverandering
8.2 Portefeuljes
8.3 Skakeling tussen BNet en NN
8.4 Bekendstelling van BNet se dienste
8.5 Ringsbesoeke
9.1 Korttermynuitreik-kursus
9.2 Retraite
9.3 Opleidingsgeleentheid vir sendelinge in die Midde-Ooste
10.1 Tienerwerkswinkel
13.1 Predikantsvrouebyeenkoms
13.2 Ringsbyeenkomste
16.6 Reiskoste
18.2 Inligting CD
18.3 Pensioenaandeel van Patmos
18.4 Skakeling met Sinodale kantoor
18.5 Beterskapkaartjie vir ds M van Niekerk en haar man
18.6 Datum vir volgende vergadering.

4. GOEDKEURING VAN NOTULES

4.1 SK Dagbestuur 2003.11.13 Bylaag A

4.1.1 Besluit: Die notule word goedgekeur en dit sal later onderteken word.

4.2 SK2003.11.27 Bylaag B

4.2.1 Besluit: Goedgekeur en sal later onderteken word. Daar word ook voorgestel dat daar by die volgende SK vergadering 'n besluit geneem word wat aan die SK-Dagbestuur volmag sal gee om die SK se notules goed te keur.

5. SAKE UIT DIE NOTULES

5.1 SK Dagbestuur 2003.11.13 Bylaag A

5.1.1 Pensioen/Medies van Emeriti/Weduwees/Mediese subsidie CMR-gepensioeneerdes (pt 5.1.1)

5.1.1.1 Besluit: Kennis geneem dat die saak afgehandel is.

5.1.2 Streekskonvent 2004 (pt 5.1.2)

5.1.2.1 Besluit: Kennis geneem dat die saak oorstaan en dat daar op 2004.02.10 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee te Belhar gehou sal word.

5.1.3 Verkoop van eiendomme (pt 5.1.4- verwys ook Notule van die SK 2003.11.27 pt 6.2.3)

5.1.3.1 Die DA rapporteer dat daar slegs twee sake uitstaande is. Enkele sake moet nog met die verkoop van die plaas te Hofmeyr afgehandel word en dan is daar nog okkupasiehuur uitstaande by Lekkeroord. Alle ander sake is afgehandel. Die DA rapporteer ook dat die sinodale sentrum op 2004.03.01 deur die nuwe eienaars oorgeneem word. Die gesteelde ligte sal by die versekering geëis word.

5.1.3.2 Besluit: Kennis geneem met dank aan die DA.

5.1.4 Jaarlikse bydraes: NG Kerk van SA

5.1.4.1 Die DA rapporteer dat daar nog nie enige rekening ontvang is nie. Sodra dit ontvang is, sal daarop gereageer word.
5.1.4.2 Besluit: Kennis geneem dat die saak eers oorstaan.

5.1.5 Belastingvrystelling

5.1.5.1 Die DA rapporteer dat alle gemeentes en ringe wat aansoeke ingedien het se aansoeke ingedien is by die Ontvanger. Slegs Patmos het nie 'n aansoek ingedien nie.

5.1.5.2 Sommige gemeentes het alreeds vrystelling ontvang.

5.1.6 Patmos

5.1.6.1 Die Voorsitter deel die vergadering mee dat Patmos die voorgestelde ontmoetings gekanselleer het. Ds Pienaar (jnr) is tans met verlof. Daar is 'n afspraak gemaak vir 14 April 2004.

5.1.6.2 Besluit: Kennis geneem.

5.1.7 Petisie Son

5.1.7.1 Besluit: Die saak staan oor.

5.1.8 Skrywe NGK Kraggakamma

5.1.8.1 Die saak is afgehandel.

5.1.8.2 Besluit: Kennis geneem.

5.1.9 Tuisblad NGK

5.1.9.1 Die saak is afgehandel en dr JP Cloete is die sinode se verteenwoordiger.

5.1.9.2 Besluit: Kennis geneem.

5.1.10 Skrywe Ring van Cradock: Aanpassing van die Kerkorde

5.1.10.1 Op advies van die DL Gemeentebediening, dr JD Prinsloo, word die saak na die Navorsingsnetwerk verwys.

5.1.10.2 Besluit: Goedgekeur

5.1.11 Uitnodiging: Emeriti-vereniging

5.1.11.1 Besluit: Kennis geneem dat die saak oorstaan.

5.1.12 Frekwensie van sinodale vergaderings

5.1.12.1 Besluit: Kennis geneem dat die saak oorstaan hangende die ASK se besluit in hierdie verband.

5.1.13 Prinsipiële Verwysingsraamwerk vir Deskundige Lede

5.1.13.1 Daar word nog gewag vir van die Deskundige Lede se insette. Dr J Viljoen vra dat daar ook strategies gekyk moet word na die saak.Die saak staan dus oor.

5.1.13.2 Besluit:Kennis geneem.

5.1.14 Vigsforum: NG Kerk

5.1.14.1 Besluit: Kennis word geneem dat die saak oorstaan.

5.1.15 Sinodale werkswinkel (pt 7.1)

Kennis geneem van die reëlings.

5.1.16 Sinodale Selfone

5.1.16.1 Die DA rapporteer dat die selfone uitgereik is en dat oproepe vir privaatgebruik terugbetaalbaar is.

5.1.16.2 Besluit: Goedgekeur

5.1.17 Vorm A

5.1.17.1 Die inligting wat verkry word uit Vorm A, moet as basis dien vir die strategiese beplanning. Verwys ook na pt 5.1.13 .Die saak staan oor.

5.1.17.2 Besluit: Kennis geneem.

5.2 SK 27 November 2003 Bylaag B

5.2.1 Hulp aan die kerk in Zimbabwe (pt 5.2.1)

5.2.1.1 Besluit: Kennis geneem dat die versoek aan alle gemeentes gekommunikeer is.

5.2.2 Kleingroepbespreking (pt 11.2)

5.2.2.1 Die saak word na ‘n kort bespreking verwys na die saak wat by pt 5.1.13 genoem is waarvan die uitvoering nog moet geskied. Dit staan dus oor.

5.2.2.2 Besluit: Goedgekeur

5.2.3 Laat Projekaansoeke (Amendement by pt 12.2.4.1)

5.2.3.1 Die saak staan oor tot by pt 15 op die sakelys.

5.2.4 Kapitalisering van 75% van die rente op sinodale beleggings (pt 14.5)

5.2.4.1 Die DA verduidelik dat dit die ideaal bly om nie meer as 25% van rente te gebruik vir bedryfsuitgawes nie.

5.2.4.2 Die besluit wat tydens die buitengewone sinodesitting hieroor geneem is, bly van krag tot by die volgende gewone vergadering van die Sinode.

5.2.4.3 Besluit: Goedgekeur

5.2.5 Reëlings rondom Gemeentedankoffers (pt 15.5.1.1 / 3)

5.2.5.1 Besluit: Kennis word geneem dat die saak oorstaan.

5.2.6 Aanwending van die Teologiese studiefonds (pt 15.8)

5.2.6.1 Kennis word geneem dat die saak oorstaan tot by pt 16.2 op die sakelys.

5.2.7 Sinodale Kommunikasiestrategie Kommunikasiestrategie (pt 15.7)

5.2.7.1 Besluit: die vergadering neem met dank kennis van die Oos-Kaap eNuus.

6. DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Geen sake vir bespreking nie.

7. GEMEENTEBEDIENING

7.1 Sinodale Werkswinkel

7.1.1 Dr JD Prinsloo rapporteer dat dit gereël is vir 8-11 Maart 2004 by die Cradock SPA.

7.1.2 Die tema is: Leierskap in tye van transformasie.

7.1.3 Die fokus sal val op die maniere waarop die kerk betrokke kan raak by die nood van die gemeenskap. Deur Bybelstudies sal daar vanuit die Skrif gekyk word na die soort leiers wat ons moet wees. Die plaaslike leiers sal ook betrek word.

7.1.4 Daar sal genoeg tyd vir ontspanning ingeruim word.

7.1.5 Die koste beloop ongeveer R500 en elkeen betaal self vir reiskoste.Die begroting kan die kursusfooi subsidieer.

7.1.6 Besluit: Goedgekeur

8. GEMEENTEDIENSTE-NETWERK

8.1 Ds BIC Steyn sê dat hulle graag die naam wil verander na Begeleidingsnetwerk (BNet).

8.1.1 Besluit: Goedgekeur

8.2 Daar word ‘n portefeulje bygevoeg: Familie-bediening (Eugene Malan) en Standplaas-verwisseling brei uit tot Beroepsontwikkeling.

8.3 Die vraag word gevra na die skakeling tussen Begeleidingsnetwerk en Navorsingsnetwerk.

8.4 BNet se dienste sal tydens die Sinodale Werkswinkel bekendgestel word.

8.5 Daar word beoog om die ringe te besoek en afsprake sal tydens die Sinodale Werkswinkel gemaak word.

8.6 Besluit: Kennis geneem van pTe 8.2 tot 8.5

9. GETUIENIS

9.1 ‘n Korttermynuitreik-kursus word gereël deur ds Loots vir 4-6 Junie 2004. Die inligting sal later bekendgemaak word.

9.2 Retraite van 9-11 Mei 2004 is hangende vir Getuienis. Belangstellendes uit gemeentes is welkom. Indien dit voortgaan sal inligting later volg.

9.3 Ds Loots versoek om ‘n laat aansoek vir ‘n sinodale getuienisprojek in te dien. Dit is vir ‘n opleidingsgeleentheid vir sendelinge in die Midde-Ooste wat daar aangebied sal word deur Ken Perkins gedurende Januarie 2004.

9.4 Die saak word bespreek. Daar word bevestig dat die sinode nie self so ‘n projek kan aanpak en befonds nie, maar dat dit as ‘n goed aanbevole ringsprojek as sodanig vir die volgende boekjaar se begroting in aanmerking kan kom.

9.5 Besluit: Goedgekeur

10. JEUG

10.1 Tienerwerkswinkel.

10.1.1 Ds Petzer rapporteer dat dit gereël is vir 17-19 Februarie 2004 by die Cradock SPA.

10.1.2 Die voorwaarde dat elke ring uitgenooi word , is nagekom en die werkswinkel is vol bespreek.

10.1.3 Besluit: Kennis geneem

11. LEER EN AKTUELE SAKE

Geen sake vir bespreking

12. NETWERK VIR NAVORSING

12.1 Notule van die Stigtingsvergadering Bylaag C

12.1.1 Kennis geneem
12.1.2 Kennis geneem
12.1.3 Kennis geneem
12.1.4.1 Goedgekeur
12.1.4.2 Goedgekeur
12.1.4.3 Kennis geneem
12.1.4.4 Goedgekeur
12.1.4.5 Goedgekeur
12.1.4.6 Goedgekeur
12.1.4.7 Goedgekeur
12.1.4.8 Goedgekeur
12.1.5.1 Kennis geneem
12.1.5.2 Kennis geneem
12.1.6
12.1.6.1 Daar word bevestig dat die saak oor Prof Naudé se betrokkenheid by die Verband na die Sinodale Regskommissie verwys is en dat Prof Naudé as koördineerder gesien word.

Goedgekeur

12.1.6.2 Kennis geneem
12.1.7 Kennis geneem

13. VROUELIDMATE

13.1 Predikantsvrouebyeenkoms word beplan vir 16-17 April 2004 by die Cradock SPA. Die koste beloop R200. Temas soos selfverstaan, kommunikasie en geestelike groei sal behandel word. Verdere inligting sal aan gemeentes gestuur word.

13.1.1 Besluit: Kennis geneem

13.2 Ringsbyeenkomste word beplan, maar daar is nog geen verdere inligting nie.

13.2.1 Staan oor

14. BEGROTING

14.1 Notule Moderatuur 2 Desember 2003

Bylaag D dien voor die vergadering

14.1.1 Besluite:

1. Die SK dagbestuur neem kennis van pte 1. tot 3.
2. Pte 4.1 tot 4.1.3.4 word goedgekeur nadat Bylaag 1(Notule Moderatuur : 2 Desember 2003) in behandeling geneem is.
3. Pt 4.1.3.5 Aanbeveling - word goedgekeur.
4. Pt 5 Kennis geneem.
5. Daar word ook besluit dat daar per brief aan aansoekers wat nie suksesvol was nie, terugvoer gegee sal word deur die DA.

14.2 Voorlopige Begroting Bylaag E

14.2.1 Bylaag E word deur dr Viljoen in behandeling geneem.

14.2.2 Besluite:
1. Bylaag E word goedgekeur
2. Bylaag E 1 word goedgekeur
3. Bylaag E 2 word goedgekeur

15. PROJEKAANSOEKE

15.1 Die DA rapporteer dat die saak oorstaan en dat korrespondensie uitgestuur sal word.

16. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

16.1 Personeelvermindering: Sinodale Sentrum Bylaag L en L.1

16.1.1 Bylaag L word in behandeling geneem.

16.1.2 Besluite:

1. Die vergadering neem kennis van pte 1 tot 5. Bylaag L.1 word uitgedeel vir toeligting by pt 4.2 en daarvan word kennis geneem.

2. Aanbevelings 6.1 tot 6.4 word goedgekeur.

16.2 Reglement : Teologiese Studiefonds Bylaag F

16.2.1 Die DA doen verslag. Daar word kennis geneem van Bylae F.1 EN G.1

16.2.2 Bylae F en G word bespreek en die volgende besluite word geneem:

1. Daar word kennis geneem van pte 1 tot 6.
2. Aanbevelings 7.1 tot 7.4 word goedgekeur vir implementering in die nuwe begroting.
3. Die DA sal 'n skrywe rig aan ds Esterhuizen aangaande die nuwe werkswyse.

16.3 Aanwending PJJS Lateganfonds Bylaag G

Hierdie saak is by pt 16.2 afgehandel.

16.4 Sinodale Dankoffers: 2003/2004

Bylaag H

16.4.1 Die vergadering neem daarvan kennis.

16.5 Korrespondensie: Sinodale en Ringsprojekte en ander aspekte van die finansies en begroting

16.5.1 Die saak word bespreek en daar word besluit : Die Skriba van die Sinode is primêr verantwoordelik vir alle korrespondensie . Hy kan egter na goeddunke hierdie take delegeer.

16.6 Reiskoste

16.6.1 Op versoek van die DA word daar besluit dat alle reiskostevorms aan die begin van vergaderings ingevul moet word om sodoende die verwerking te vergemaklik.

17. KORRESPONDENSIE

17.1 Gemeentehulp Bylaag I en I.1

17.1.1 Die voorsitter , ds EGJ de G Schutte, doen verslag.

17.1.2 Besluite:

1. Daar word kennis geneem van ds C Erasmus se skrywe.
2. Daar word kennis geneem van ds Schutte se antwoord daarop.
3. Daar word besluit dat die DA volledig sal antwoord op ds Erasmus se skrywe in die lig van Sinodale besluite en die Kerkorde.

17.2 Colloquium Doctum: Mnr Vernon Johan Louw

17.2.1 Daar word kennis geneem van Bylae J, J.1 en J.2.

17.2.2 Daar word besluit om mnr V J Louw voorwaardelik uit te nooi vir ‘n ontmoeting met die volle Sinodale Kommissie tydens sy volgende vergadering.

17.2.3 Daar word besluit dat dr S du Toit intussen sal aandag gee aan die ingelewerde dokumentasie om te sien of al die nodige stukke daar is.

17.3 Verteenwoordiging : Ad Hoc Projekbestuurder GDN op SK Bylaag K

17.3.1 Daar word kennis geneem van Bylaag K.

17.3.2 Daar word besluit dat die Projek-bestuurder B Net in die toekoms adviserend by die SK en sy Dagbestuur teenwoordig sal wees.

17.4 Ring van Albanie: uitkoop van dienste Bylaag K

17.4.1 Na gesprekvoering word daar kennis geneem van hierdie saak.

18. ANDER SAKE

18.1 Rekonsiliasie Sinodesitting 2003 Bylaag M

18.1.1 Die vergadering neem kennis dat die saak afgehandel is.

18.2 Inligting CD

18.2.1 Ds C van Heerden rapporteer dat die inligting vir die CD versamel is. Dit moet nou verwerk word en die CD moet dan saamgestel word.

18.2.2 Daar word besluit dat ‘n Ad Hoc Kommissie saamgestel word wat bestaan uit ds Mouton, ds Van Heerden en dr Viljoen. Hulle sal die saak afhandel.

18.3 Pensioenbydrae van ds Pienaar (jnr) van die NG Gemeente Patmos

18.3.1 Dr S du Toit het op 9 Desember 2003 ‘n skrywe ontvang van die Pensioenfonds rakende ds Pienaar (jnr) wat nie aan die NGK se pensioenfonds behoort nie. Die SK word versoek om met die gemeente in gesprek te tree om die erns van die saak aan hulle te verduidelik. As die saak nie opgelos kan word binne negentig dae nie, sal hulle nie anders kan as om die saak na die Prokureur-generaal te verwys nie. Die saak word bespreek.

18.3.2 Daar word besluit om ‘n Ad Hoc Kommissie saam te stel wat die NG Gemeente Patmos so gou as moontlik moet besoek om hierdie saak te bespreek. Die kommissie bestaan uit dr S du Toit, ds C van Heerden en dr J Viljoen (sameroeper). Die kommissie ontvang volmag om die saak af te handel.

18.4 Skakeling met Sinodale kantoor

18.4.1 Dr Viljoen versoek dat alle sake wat na die Sinodale kantoor kom vir hulp met die uitvoering van opdragte of versoeke, skriftelik via dr Viljoen sal kom.

18.4.2 Besluit: Goedgekeur

18.5 Nellie Westraadt word versoek om ‘n beterskapkaartjie aan ds M van Niekerk en haar man te stuur. Hulle is albei geopereer.

18.6 Vergaderdatum

18.6.1 15 April 2004 om 09:00 by die Bybelhuis.

19. AFSLUITING

19.1 Dr ACV van Wyk sluit af met gebed, waarna die vergadering verdaag.